ek is nog in die huis, ek en die familie.

Het u al voorheen traangas geruik? -- U edele, ja, destyds met die onluste het 'n mens geruik van hierdie traangas.

So u was seker dat dit wat u nou weer geruik het daardie aand is weer traangas? -- Ja, ek kon so ruik.

Ek het nie verdere vrae nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE: Net 'n enkele aspek, mevrou. Het u enigsins geaffekteer, of gebrand? -- U edele, wel in die huis is hy nie so sterk soos daar buite nie en onmiddellik toe ons die reuk kry, het ons ons neuse met kombers toegemaak of toegehou.

Het u dit inderdaad buite gaan ruik? -- U edele, die reuk het nie lank geduur nie. Ek was nie na buite op daardie tydstip nie, behalwe die oggend eers is ek na buite.

Dankie, u edele, ek het nie verdere vrae nie.

GEEN VERDERE VRAE

MNR TAUTE: U edele, die staat roep Sampie Jacob Letsela, dit is getuie nr. 90.

**SAMPIE JACOB LETSELA, v.o.e. (deur tolk)**

HOF: Watter klagte?

MNR TAUTE: edele, nie op 'n spesifieke klagte nie.

ONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE: U is woonagtig te 659 Barolongstraat, is dit korrek? -- 659 Barolong.

Kan u dit uitwys aan die hof asseblief? U edele, die staat se blou merkpen het intussen uit die hof verdwyn. Dit is intussen gemerk met 'n ander pen, maar dit is glad nie duidelik nie. Die staat onderneem om mettertyd die merke duideliker te maak. -- Ek wys só u edele.

Was u die betrokke aand ook, of die aand van 17 Junie 1992 ook by hierdie adres gewees? -- Ja.

Kan/...

Kan u vir die hof vertel wat die aand gebeur het? -- Ek en my sussie het daar saam gesit, die sussie het 'n kind gehad. Ons het toe gehoor daar is vensterruite wat stukkend geslaan is. Wel daar is 'n stem wat gesê het "vula", dan 'n vloekwoord, "vula", dan 'n vloekwoord, "maak oop", dan het die persoon gevloek.

Kan u vir die hof sê die woord "vula", watse taal is dit? -- Dit is die Zoeloe-taal.

U kan maar voortgaan. -- Wel hierdie groep gaan verby en na hy verby is hoor ons skote klap.

Kan u vir die hof sê of u op enige stadium na buite gekyk het? -- Nee.

Is dit vir u moontlik om te sê in watter rigting hierdie beweging of die geluide was? -- U edele, ja. Die geraas beweeg nou op in 'n rigting.

Kan u vir die hof sê wat bedoel u met, "die geraas beweeg op"? Daar waar u nou bly, in watter rigting of na watter plek se rigting beweeg dit? -- Ek meen op in rigting van die winkels.

In watter straat het dit vir u geklink het dit beweeg? -- Iewers daar in Hlubistraat.

U kan maar voortgaan. -- Wel ek is toe weg om te gaan slaap.

Was daar enige van, of het u skade gely in hierdie hele gebeure? -- Net al die vensters is gebreek.

Wat is die omvang van die skade van hierdie vensters wat gebreek is? -- Ek skat so R300,00 se skade.

Hoeveel vensters was dit wat gebreek was? -- 14.

Dankie, u edele, ek het nie verdere vrae op hierdie stadium nie.

KRUISONDERVRAGING/...

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR BOTHA: Mnr Letsela, u verwys na die geraas dat dit gaan in die rigting van Hlubistraat. Het u die indruk gevorm dat die mense gaan tot by Hlubistraat? -- Ja, ek dink so, dit is wat ek gehoor het.

U het ook gesê dat nadat die mense verby is toe hoor u skote klap. Kan u enigsins aandui watse tipe skote u gehoor het, was dit outomatiese geweervuur, wat het u gehoor? -- Outomatiese geweer, of 'n wapen.

Ken u die geluid van 'n Casspir of 'n Hippo? Ek verstaan hulle het baie daar in die woongebied gepatrolleer? -- Ja.

Het u op enige stadium daardie aand 'n Casspir of Hippo gehoor in die omgewing van die u huis of naby? -- Ja, 'n Hippo s'n, die brul van 'n Hippo.

Wanneer was dit gewees? -- Tussen agt- en tienuur.

Was dit voor of na hierdie geluid van die vensterruite wat gebreek het? -- Na die breek van die vensters.

Hoe lank daarna? -- Wel dit is nie lank daarna nie.

Het hierdie Hippo dieselfde rigting gegaan as wat die geluide van die vensters wat breek gegaan het? -- Ja, hy het ook opgegaan.

Het u enigsins, of nadat u vensterruite gebreek is, die reuk van traangas gekry? -- Nee.

Dankie, u edele, ek het nie verdere vrae nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR VAN ECK: Mnr Letsela, die skote wat u gehoor het, was die geluid almal asof dit by een plek was? -- Nee, hy was bewegend.

Het die skote almal dieselfde geklink? -- Nee.

U het geensins gekyk na buite toe die aand nie? -- Nee, ek was bang gewees.

Toe dit nou later stil geraak het, het u toe nie uit die

huis/...

huis uitgegaan nie? -- U edele, eers die volgende oggend het ek gaan kyk.

Ek het nie verdere vrae nie, dankie u edele.

HERONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

MNR TAUTE: U edele, die volgende getuie wat die staat roep is Mahlomola April Dhlamini, dit is getuie nr. 84, dit is ook ten opsigte van die openbare geweld klagte.

**MAHLOMOLA APRIL DHLAMINI, v.o.e. (deur tolk)**

ONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE: Mnr Dhlamini, u woon te 1112 Moshoeshoestraat, Boipatong, is dit korrek? -- Ja.

Kan u die plek uitwys op die kaart, BEWYSSTUK 1, asseblief? -- Dit is by die hoekhuis in Moshoeshoestraat waar Moshoeshoe- en Lekoastraat kruis.

Op 17 Junie 1992 was u die aand ook by hierdie huis gewees, is dit korrek? -- Ja.

Kan u vir die hof vertel wat die aand gebeur het asseblief? -- Met dogter het vir my wakker gemaak terwyl ek geslaap het gedurende die nag. Sy het uit haar slaapkamer uitgehardloop gekom na die plek waar ek geslaap het. Sy het my kom wakker maak en gesê "pa, hier is mense wat vensterruite breek". Nadat ek opgestaan het kon ek nie eers na buite loer nie want op daardie stadium het die klippe by die vensters die huis binnegekom. Ek het toe die kinders na die gang geneem, maar ek het effens geloer. Ek het toe 'n groep mense gesien opgaan in Lekoastraat. Van die mense het in Moshoeshoestraat ingedraai. Hulle het klippe gegooi, mens kon nie duidelik kyk nie.

U sê u sien 'n groep mense daar beweeg in Lekoastraat. In watter rigting beweeg hulle in Lekoastraat, kan u net vir die hof 'n aanduiding gee? -- Die mense het opgestap in

Lekoastraat/...

Lekoastraat en van hulle het in Moshoeshoestraat opgestap, want die twee strate kruis mekaar daar vorentoe.

Die mense wat in Lekoastraat gestap het, na watter rigting was hulle op pad, weg of na die winkels toe?

TOLK: Lekoastraat?

MNR TAUTE: Ja, in Lekoastraat. -- Hulle het opgestap na die rigting van die winkels.

Die mense wat in Moshoeshoestraat gestap het, het hulle in die rigting van Slovopark of weg van Slovopark gestap? -- Hulle het na die regterkant van daardie straat beweeg, soos ek aan u demonstreer. Van hulle het opbeweeg in Lekoastraat en terwyl hulle opbeweeg was hulle besig om die vensterruite stukkend te breek.

Hoe groot sou u hierdie groep skat? -- 'n Mens kon nie tel nie, hulle was net 'n groep, dit was net 'n donker kol.

Is u in staat om hierdie mense aan die hof te beskryf? Het u enigiets gesien van hierdie mense? -- Nadat ek besef het dat die groep mense 'n entjie verder beweeg het, het ek wel na buite geloer en by die hoek van Moshoeshoestraat het ek wel 'n Hippo gesien.

Kan u vir die hof 'n aanduiding gee hoe lank was dit nadat u vensters gebreek is u die groep gesien het? -- Op daardie stadium was dit om tien dertig.

U verstaan my miskien nie reg nie. Wat ek wil weet, is hoe lank nadat u hierdie groep mense gesien het, sien u die Hippo? -- Dit was nie baie lank nadat die mense opbeweeg het nie.

Soos u die Hippo sien, kon u nog die mense sien? -- Op daardie stadium kon ek nie meer die mense sien nie, behalwe die geraas.

Kan u 'n skatting in tyd maak hoe lank nadat u die groep gesien het, het u die Hippo gesien? -- Dit was in die omgewing van tien dertig.

Kan u sê hoe laat u die groep gesien het? -- Dit was voor tienuur. Dit was in die omgewing van tien dertig.

Wat was in die omgewing van tien dertig? -- Dit is 'n skatting wat ek gee, ek het nie 'n horlosie gehad nie.

Wat skat u sien u tien dertig? -- Omrede dat dit was 'n redelike tyd gewees nadat die mense reeds verbygegaan het.

In watter rigting beweeg hierdie Hippo wat u gesien het? -- Die Hippo het opbeweeg in Lekoastraat na die rigting waarheen die groep gegaan het.

U het nou-nou getuig dat op die stadium u geraas gehoor het. Is dit vir u moontlik om te sê hoe ver hierdie geraas geklink het toe u hierdie Hippo sien? -- Dit was na die rigting van Slovopark gewees, maar dit het begin dof geword op daardie stadium.

Het u enige ander voertuie die aand gesien? -- 'n Ambulans het daar opgedaag en die beseerdes is weg vervoer.

Wanneer was dit, voor of na die Hippo? -- Dit was na die Hippo.

Dankie, u edele, ek het nie verdere vrae op hierdie stadium nie.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR SWART</u>: Verstaan ek u reg dat toe u hoor die geraas beweeg nou weg en u dink dit is veilig, toe kyk u na buite? -- Ek het toe na buite geloer.

U hoor die geraas beweeg verder in die rigting van Slovopark? -- Ja, dit was dof gewees op daardie stadium maar na die rigting van Slovopark.

Dit is toe wat u die Hippo sien? -- Dit was toe ek die

Hippo/...

Hippo gesien het.

Het die Hippo beweeg toe u hom gesien het of het hy aanvanklik gestaan? -- Die Hippo het by die hoek van Moshoeshoe- en Lekoastraat gestaan.

U sê op later stadium toe beweeg hy op in Lekoastraat? -- Die Hippo het stadig opbeweeg in Lekoastraat met die parkeerligte aan.

Net die parkeerligte? Sy hoofligte was nie aan nie? -- Die hoofligte was nie aan nie.

U hoor terselfdertyd nog hierdie geraas wat dof word? -- Ja, dit het dog geword in die rigting van Slovopark.

Dankie, u edele, ek het geen verdere vrae nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR VAN ECK: Mnr Dhlamini, u sê u kon nie uitkyk nie aanvanklik want klippe kom by die venster by u huis in? -- Ja, die klippe het binne-in die huis beland, want die vensterruite wat ek het by my huis is die groot soort en ek het effens na buite geloer op daardie stadium.

Beteken dit dus dat die vensterruite by u huis stukkend gegooi is? -- Dit was, alles was stukkend gegooi.

Hoeveel ruite van die huis was in totaal stukkend gegooi? -- Aan die kant waar die groep mense verbybeweeg het, al die vensterruite is stukkend gebreek, ek kan sê 12.

Het u dit gemeld in die verklaring wat u gemaak het? -- Ek het alles genoem in die verklaring.

Die Hippo-voertuig wat u gesien het, kon u sien wie die insittendes is? -- Ek kan nie aan die binnekant sien nie.

Kon u sien of die bewoording "T2" aan die Hippo aangebring was? -- Ek het nie daarna opgelet nie.

Wat het u persoonlik gedink maar die Hippo daar? -- Ek was net verbaas, ek het nie eers gedink nie.

Hoekom/...

Hoekom was u verbaas oor die voertuig wat u daar gesien het, die Hippo? -- Dit is omrede dat in daardie straat waar ek woon dag en nag ry hulle op en af.

Die Hippo wat u die aand gesien het, het u op enige stadium gedink dat hy dalk die aanvallers volg of agtervolg? -- Ek was verbaas gewees. Mens kan sê ek was dom, want ek het gesien asof dit volg die aanvallers.

Ek het nie verdere vrae nie, dankie u edele.

HERONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

MNR TAUTE: edele, die staat roep Jereminah Patsa, getuie nr. 97. Dit is ook ten opsigte van die openbare geweld klagte.

**JEREMINAH PATSA, v.o.e. (deur tolk)**

ONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE: U woon te 672 Moshoeshoestraat, Boipatong, is dit korrek? -- Ja.

Kan u dit uitwys op die kaart aan die hof asseblief? -- Ek wys só u edele.

Dankie, u kan maar teruggaan. Die aand van 17 Junie 1992 was u by hierdie huis gewees, is dit korrek? -- Ek was tuis, ja.

Kan u vir die hof vertel wat die aand gebeur het, asseblief? -- Ek was alreeds in die bed gewees, ek hoor hier klap skote. Ek het ook gehoor daar is vensterruite wat breek.

Is dit nou u eie vensterruite of ander vensterruite wat u hoor breek? -- Myne is ook stukkend geslaan.

U kan maar voortgaan. -- Ek het bang geword. Ek het nie eers gaan kyk nie, ek was heeltyd op die bed.

Het u op enige stadium wel gesien wat aangaan by u huis, of u huis of in die straat? -- U edele, nee, ek het nie gaan kyk nie. Ek het die volgende oggend wel gehoor by mense daar

is/...

is van die mense dood.

Was daar van u vensters gebreek? -- Ja, daar is.

Hoeveel? -- Dit is groot vensters, maar net twee ruite daarvan is stukkend.

Weet u wat is die omvang van die skade? -- Om die vervang het ek R250,00 betaal.

Tydens die aanval sê u vir die hof u het geweerskote gehoor en vensters wat breek, is dit reg? -- Ja.

Het u enigiets anders gehoor? -- Nee.

Kan u hoor as daar 'n motorvoertuig in die straat verby u huis ry? -- Ek kan hoor, ja.

Dankie, u edele, geen verdere vrae op die stadium nie.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR BOTHA</u>: Het u die volgende dag na die aanval beweringe gehoor daar in Boipatong dat die polisie betrokke was by hierdie aanval? -- U edele, ek het nie so iets gehoor nie. Ek is nie iemand wat gewoonlik in die strate rondloop nie.

U ken die geluid van 'n Hippo of 'n Casspir wat verby u huis ry? -- Ek sal net hoor daar is 'n voertuig wat brul daar buite, maar ek kan nie dit meer identifiseer nie.

Het u al voorheen 'n Hippo of 'n Casspir gesien verby u huis ry, of gehoor verbyry? -- Nee, nog nie gesien nie.

Het u enigsins daardie aand die reuk gekry van traangas? -- Ek het nie want ek was binne die huis.

Dankie, u edele, geen verdere vrae nie.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR STRYDOM</u>: Geen vrae.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE</u>: Geen vrae.

<u>HOF</u>: Wat is die doel van hierdie getuie? Hoeveel keer moet ek nog hoor van openbare geweld? Dit is nie in geskil dat daar openbare geweld was nie. Hoekom moet ek hoeveel getuies vandag

nou/...

nou al hoor daaroor?

MNR TAUTE: U edele, die relevansie van hierdie getuienis is onder andere die Hippo wat deur die groep aanvallers gevolg is. By sekere van die getuies is die relevansie tyd en wat sekeres getuies hulle aan koppel en dan is daar enkele ander aspekte by sekere getuies.

HOF: Maar ek het al menige getuies gehoor wat sê die roete was Moshoeshoestraat en Lekoastraat. Nou wat neem hierdie getuie my verder?

MNR TAUTE: U edele, hierdie getuie kan bloot vir die hof - een van die redes... (tussenbei)

HOF: Dit lyk vir my daar word getuienis aangebied, mnr Taute, wat nie in geskil geplaas is nie en ek dink nie dit is nodig dat ons alles dupliseer nie, ons moet maar aangaan met die saak.

MNR TAUTE: Soos die hof behaag.

HOF: Ja dankie, sy kan maar afstaan.

GEEN VERDERE VRAE

MNR TAUTE: Die staat roep Mirriam Molokwane. Klagte 47, u edele, getuie 53 op die lys.

HOF: Klagte hoeveel?

MNR TAUTE: Klagte 47, u edele.

**MIRRIAM MOLOKWANE, v.o.e. (deur tolk)**

ONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE: U woon te 544 Bafokengstraat, Boipatong, is dit korrek? -- Ja.

Kan u asseblief hierdie adres uitwys op BEWYSSTUK 1, die kaart voor u, waar u huis geleë is? -- Ek wys so, u edele.

U kan maar teruggaan. Die aand van 17 Junie 1992 was u by daardie adres, is dit korrek? -- Ja, u edele.

Kan u vir die hof vertel wat die aand gebeur het,

asseblief/...

asseblief? -- Wel dit was in die aand gewees, "past ten", dit is na tienuur. U edele, wel, ons was alreeds bed toe. Ons hoor daar is 'n geraas daar buite van mense wat sing en dans. Hierna hoor ons hierdie mense kom in by die hek en skielik is die vensterruite stukkend geslaan. Die deure is ook stukkend geslaan of oop forseer. Die mense kom toe binne-in die huis in. Daar is goed gebreek, meublement in die huis. Die een kom in kamer in, maar hy is toe weer uit.

Wat het u gesien van die persoon wat die kamer binnekom? -- Dit was donker, ek kon nie die persoon identifiseer nie, maar ek het gesien die deur gaan oop. Die tweede persoon kom toe ook in maar toe die persoon uitgaan het die kindjie gehuil. Hierna is ek met 'n spies gesteek in hy hele linkersy.

Waar was u terwyl u nou met die, soos u sê, spies gesteek word? -- U edele, ek het op die vloer gelê langs die bed.

Kon u sien wie u steek met die spies? -- Ook hier was dit nog donker, ek kon nie die persoon sien nie.

Hoeveel keer is u gesteek met die spies? -- Daar is 16 wonde toegedien.

Het u behandeling gekry vir hierdie wonde wat u toegedien is? -- Ja, ek is hospitaal toe.

Hoe lank was u daar? -- Twee weke.

U kan maar vertel wat gebeur is nadat u gesteek is met 'n spies. -- Ek was blykbaar uit gewees, bewusteloos. Ek het bygekom in die hospitaal.

Het u op enige stadium mense gehoor praat? -- Ja, toe hulle die huis so binnekom het hulle gevra waar is die honde, "ziphi izinja".

In watter taal het hulle gepraat? -- Die Zoeloe-taal.

Het enigiemand in die huis seergekry? -- Ja, die een

persoon/...

persoon is een keer in die rug gesteek.

Wie is dit? -- Sy Alicia Molokwane.

Watse skade is aangerig by u huis met hierdie aanval? -- Dit is groot skade. Kyk, dit is die vensterruite wat gebreek is, TV-stelle, videos wat geneem is.

Het u enige van u eiendom wat geneem is teruggekry? -- Nee.

Kan u 'n raming van die skade aan die hof gee, dit is nou die skade wat u gely het? -- U edele, nee, ek kan nie skat nie. Dit is baie goed, radio's is ook geneem, komberse ensovoorts.

Was Alicia ernstig beseer? -- Nee, sy was nie so ernstig beseer nie.

Het sy enige behandeling ontvang? -- Sy is ook hospitaal toe.

U het aan die begin van u getuienis gesê dat dit na tienuur was. Hoekom sê u so? -- Ons is hier by nege dertig bed toe en ons was al lank in die bed gewees toe die gebeure nou plaasvind.

Dankie, edele, geen verdere vrae op hierdie stadium nie.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR SWART</u>: Geen vrae nie, dankie.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR STRYDOM</u>: In watter kamer - of sal ek so vir u vra, hoeveel kamers het u huis? -- Ses.

Nou was Alicia Molokwane in 'n ander slaapkamer gewees? -- Dit is, ja.

Was daar nog ander mense in die huis gewees? -- Daar was nog mense.

Was daar ander mense in die slaapkamer waar u was? -- Nee, net myself en die kindjie.

En saam met Alicia Molokwane, was daar mense in die kamer waar sy was? -- Daar was nog, maar die het weggekruip.

Nou/...

Nou u het getuig dat daar - wel, wat is alles uit u huis uitgeneem? Wat is alles gesteel? -- 'n TV-stel, 'n video, komberse, duvet's en geld.

'n Radio? -- Die ook, ja.

'n Sogenaamde hoëtroustel, of meer algemeen bekend as 'n "hi-fi"? -- Die radio ek verwys reeds na die hoëtroustel.

Het u in u verklaring gemeld dat al hierdie artikels gesteel was? -- U edele, nee, ek het nie, maar dit is my pa wat so genoem het in sy verklaring.

Wat ek wil net vir u stel, volgens die klagstaat en die aanhangsel daartoe, die nadere besonderhede, word net beweer dat 'n hoëtroustel daar by julle geneem is. -- Die hoëtroustel is ook geneem.

Maar nog ander artikels daarby? -- Ja.

Hierdie televisie, is dit 'n groot televisie? -- Hy is die grote, ja.

Dankie, edele, ek het nie verdere vrae nie.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE</u>: Die verklaring wat deur u, of u vader wat die verklaring gegee het, wat is sy naam? -- Hy is George Molokwane.

Dankie, edele, ek het nie verdere vrae nie.

<u>GEEN VERDERE VRAE</u>

<u>MNR TAUTE</u>: U edele, ek merk dit is reeds bykans eenuur. Dit sal 'n geleë tyd wees om die verdaging te neem.

<u>HOF</u>: Die hof sal verdaag tot twee-uur

**<u>HOF VERDAAG</u>** - **<u>HOF HERVAT</u>**

<u>MNR TAUTE</u>: U edele, die staat roep Saul Ngakane. Ek verwys die hof na nadere besonderhede, bladsy 11, dit is onder die adres 290 Malotistraat. Dit is getuie nr. 35.

**SAUL NGAKANE, v.o.e. (deur tolk)**

ONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE: -- Mag ek asseblief sit, u edele?

HOF: Ja.

MNR TAUTE: Mnr Ngakane, u is woonagtig te 290 Malotistraat, Boipatong, is dit korrek?

TOLK: 209?

MNR TAUTE: 290 Malotistraat. -- Dit is waar ek bly.

Sal u die plek vir my uitwys op die kaart? -- Ek wys so, edele.

Op die aand van 17 Junie 1992 was u by hierdie adres, is dit korrek? -- Dit is so.

Kan u vir die hof sê wat die aand gebeur het? -- Hier by kwart voor tien die aand was ek alreeds in die bed. 'n Rukkie later hoor ek hoe vensters gebreek word. Ek het ook skote gehoor klap. Ek kon net nie verstaan wat is aan die gang nie. Ek is toe na die venster om te loer. Hier sien ek die ruit is gebreek. Ek het rondgekyk om te sien wie het hierdie vensters so gebreek. Ek het niemand gesien. Ek was toe bang om uit te gaan want ek weet nie wat is aan die gang nie. U edele, ek het 'n lang ruk geneem voordat ek na buite toe is. Ek is toe na mnr Msibi se huis, ek wys hy is so regoor my ouerhuis.

Ken u die adres daar? -- U edele, nee, ek ken nie die adres nie, maar hy is naby ons, hy is in Bapedistraat.

Wat sien u by hierdie huis? -- Ek merk die vensters van die voorhuis en die een kamertjie is gebreek. Ek is die huis binne, ek is reguit kamer toe.

Het u enige persone daar gesien wat oorlede was by hierdie huis? -- Ja, in die kamer op 'n bed sien ek 'n kindjie lê daarso, die kindjie is alreeds dood.

Ken/...

Ken u hierdie kind se naam? -- Nee, dit is 'n klein kindjie, die naam ken ek nie, en verder in dieselfde kamer maar teen 'n hangkas sien ek 'n vrouepersoon, die eienares daar, sy het daar geval, sy is ook alreeds dood.

Ken u haar naam? -- Ja, sy is Ouma, dit is daar by Msibi. U edele, ek is toe weer na buite, buite op die erf. Ek is by die voorhuis se deur uit. Buite voor die erf sien ek daar lê 'n kindjie, dié is ook dood.

Watse skade was daar by u huis aangerig tydens hierdie gebeure? -- Wel ek het vasgestel daar is twee ruite stukkend.

Wat is die omvang van die skade? Hoeveel sal dit kos om dit reg te maak? -- U edele, wel ek het R20,00 betaal om die ruite te vervang teen R10,00 'n stuk.

Dankie, edele, geen verdere vrae op hierdie stadium nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR BOTHA: Mnr Ngakane, ken u 'n man met die naam van Abednego Mabuza? -- Waar bly die man?

Hy woon in Boipatong. -- Adres?

Wel ek is nie seker van sy adres nie, maar wat hy wel sê, hy het getuig by die Goldstone-kommissie. -- U edele, ek weet nou nie om te sê daarso nie. Ek wil net die adres kry, miskien ken ek die persoon.

Klink die naam Abednego Mabuza vir u bekend? -- Nee, ek ken nie so naam nie.

Dra u kennis van 'n sogenaamde buurtwag, "self-defence units", wat wag gestaan het daar in Boipatong gedurende Juniemaand laas jaar? -- Wil u die name hê?

Nee, ek wil net weet of u kennis dra daarvan. -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Dit is nou mense wat wag gestaan het op die straathoeke, die plek opgepas het. -- U edele, op watter tydstip nou?

Hoekom/...

Hoekom moes hulle wagdienste doen?

As ek die getuienis reg verstaan het, tot dusver was hier verskeie persone wat beweer het dat daar dreigemente was of waarskuwings was dat Boipatong aangeval gaan word die aand van 17 Junie laas jaar en dat daar in Boipatong was daar sogenaamde "self-defence units" of die "comrades" wat die plek opgepas het. -- Is u nou besig om mee te deel?

Ja. Wat ek vir u wil vra, is wil u vir die hof sê dat u dra geen kennis van hierdie sogenaamde "self-defence units" wat die plek opgepas het in Junie laas jaar nie? -- U edele, ek het gesê ek weet nie van so mense nie en ek weet nou nie waarvoor sal hulle wagdienste doen daarso in die woonbuurt.

Waarom is u die aand na Msibi se huis toe? -- Daar is mos gebreek daarso.

Was Msibi homself by die huis gewees? -- Ek het hierdie persoon raakgeloop by sy hek toe ek ingaan.

Is hy 'n leiersfiguur in Boipatong? -- Watse leiersfiguur?

Wel, 'n leier van die inwoners, dat hy 'n persoon is met gesag daar in Boipatong. -- U edele, ek weet nou nie. Watse opdragte of watse advies sal hy nou gee? Waar kry hy die dan die advies vandaan?

Was u daardie tyd nog op skool gewees? -- Nee.

Het u enigsins gehoor na hierdie aand van 17 Junie na die aanval dat daar bewerings gemaak is deur die inwoners van Boipatong dat die polisie betrokke was by die aanval op Boipatong? -- Ek weet nie, ek het ook nie gesien nie.

Het u voor hierdie aanval in u straat gehoor wanneer daar Casspirs of Hippo's verbyry? -- Hoe laat nou?

In die aand. -- Meen u voor of na die voorval?

Wel, kom ek vra u. Het u Casspirs of Hippo's gehoor voor

of na die voorval? -- Ek het Hippo's gehoor verbyry voor die gebeure.

U praat nou van meer as een Hippo, is ek reg? -- Ek gehoor dit is een Hippo wat verbyry.

Hoe lank voor die voorval wat daar van u vensters gebreek is? -- Ek het nie gekyk op die horlosie nie.

Was u al in die bed gewees? -- Ek het nog nie gaan slaap nie.

Weet u, toe u nou by Msibi se huis kom, was daar 'n klomp van die inwoners by Msibi se huis gewees? -- Ek was die eerste persoon om daar aan te kom.

Het daar op enige stadium polisie daar opgedaag by Msibi se huis? -- U edele, 'n rukkie later het die weermagmense daar aangedoen.

Was u daar gewees toe die weermag daar aangedoen het? -- Nee, ek was alreeds terug huis toe, maar toe ek by die venster so loer, sien ek daar is weermagmense wat daar gekom het.

Met watse voertuig het hulle daar opgedaag? -- Dit is hierdie voertuie wat hulle ry, hulle lyk so, dit is twee van hulle.

Word die voertuig ook beskryf as 'n Hippo, of 'n Buffel? -- Wel die Hippo is deur SAP gery en die Buffels word deur Weermag-mense gebruik.

Hierdie voertuie wat opgedaag het by Msibi se huis, was dit Buffels? -- Ja, dit is.

Weet u of het u enigsins gesien of daar by Msibi se huis tekens was dat daar geskiet was in die huis, met ander woorde dat daar doppies was of enigiets van die aard? -- U edele, ek het net gaan kyk wat het daar gebeur, my aandag was nie op doppies nie.

Dankie/...

Dankie, u edele, ek het nie verdere vrae nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR STRYDOM: Geen vrae.

HERONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

MNR TAUTE: U edele, die staat roep Tebello Petrus Motloung, getuie nr. 100. Ek verwys die hof na die nadere besonderhede, bladsy 11, die adres 100 Majolastraat.

HOF: Oor watter klagte getuig hy?

MNR TAUTE: U edele, dit is nie 'n klagte nie, maar ons het dit vervat in die nadere besonderhede. U kan sien op bladsy 11 die straat is Majola en die adres is 100.

**TEBELLO PETRUS MOTLOUNG, v.o.e. (deur tolk)**

ONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE: U woon te 100 Majolastraat, Boipatong, is dit korrek? -- Ja, edele.

Kan u asseblief die adres uitwys aan die hof op BEWYSSTUK 1? -- Ek wys so, u edele.

U kan maar teruggaan, dankie. Die aand van 17 Junie 1992 was u by daardie adres, is dit korrek? -- Ja.

Kan u aan die hof vertel wat die aand gebeur het, asseblief? -- U edele, hierdie aand, 16 Junie, het ek gesit en kyk na die TV. Dit was hier by tienuur gewees die aand. Terwyl ons so gesit het, hoor ek 'n geraas daar buite. Skielik is daar, hoor ek daar is vensters wat breek. Ek het ook skote gehoor klap. Toe ek hoor die vensters breek het ek die kinders bymekaar gemaak. Ek het hulle probeer beskerm teen alle gevaar wat daar mag plaasvind.

Het u enigiets gesien die aand wat buite gebeur? -- Dit is so dat by daardie gebeure kon jy eers nie by die venster loer nie of probeer om uit te gaan.

Het u enigiets gehoor behalwe die skote en die vensters

wat/...

wat breek? -- Wel, ek het net gehoor daar is gesê "vukani zilele lezinja", wat sal meen "staan op, hierdie honde slaap nog".

In watter taal is dit, hierdie woorde? -- U edele, as ek nou aanhaal "vukani zilele lezinja", die hof sal maar aflei watter taal is dit.

HOF: Ongelukkig is die hof dom, ek ken nie al die tale nie. Sê jy vir my. -- U edele, dit is die Zoeloe-taal.

MNR TAUTE: Het u enigiets anders gehoor behalwe dit? -- Nee.

Indien 'n motorvoertuig by u huis verbyry, kan u dit hoor as u binne-in die huis is? -- Hy is hoorbaar, ja.

Wat is die skade by u huis gewees? -- Die een vensterruit is gebreek, hy is met 'n klip beskadig.

Die omvang van die skade? -- Ek praat onder korreksie, ek dink een glasstuk kos so by R9,00.

Dankie, edele, geen verdere vrae op die stadium nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR SWART: Mnr Motloung, staan u ook bekend as Fellow? -- Ja.

Is u ook 'n lid van die Civic Association? -- Nee.

Dien u enige ander gemeenskapsbelange daar in Boipatong? -- U edele, ja, ek was voorheen 'n "councillor", raadslid by Boipatong.

U het seker na hierdie gebeure die nuusberigte daaroor gevolg? -- Ja.

Koerante gelees? -- Ja.

Ook oor die TV die nuus gevolg oor daardie dinge wat daardie aand gebeur het? -- Ja.

U het dit seker met van u vriende en inwoners van Boipatong bespreek? -- U edele, ek is nie 'n man wat sal dinge bespreek met vriende nie.

Hoe/...

Hoe lank na die gebeure het u 'n klag gaan indien? -- Wel die polisie het rondgegaan in die woonbuurt om verklarings te probeer kry.

Was hulle die enigste mense wat daar rondgegaan het om te probeer verklarings kry? -- Wel sover ek weet was dit die Suid-Afrikaanse Polisie.

U het tog seker in die koerante gesien en op die TV gesien dat daar mense was wat beweer het dat die polisie betrokke was by hierdie aanval? -- So iets het ek nog nie gesien in die koerante nie.

Het u dit op die TV gesien? -- Nee.

Die betrokke aand het u enige voertuie daardie hele nag gehoor? -- U edele, na die gebeure het ek wel twee weermagvoertuie gesien.

Hoe lank na die gebeure was dit gewees? -- Twee ure later.

Dankie, edele, geen verdere vrae nie.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR STRYDOM</u>: Geen vrae.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR TAUTE</u>: Geen vrae.

<u>GEEN VERDERE VRAE</u>

<u>MNR TAUTE</u>: U edele, met verlof van die hof sal ek vra dat my kollega, mnr Van der Merwe, die volgende getuie lei.

<u>MNR VAN DER MERWE</u>: Mag dit u behaag, edele. Die volgende getuie is Elias Nyokong. Hy getuig ten opsigte van aanklag 131.

<u>HOF</u>: Elias wie?

<u>MNR VAN DER MERWE</u>: 131, U edele.

<u>HOF</u>: Wat is sy van?

<u>MNR VAN DER MERWE</u>: Nyokong.

**<u>ELIAS NYOKONG</u>, v.o.e. (deur tolk)**

<u>TOLK</u>: Net gewaarsku om harder te praat, edele.

<u>ONDERVRAGING DEUR MNR VAN DER MERWE</u>: Mnr Nyokong, u woon te

487 Bafokengstraat in Boipatong, is dit korrek? -- Ja.

Met u verlof, edele, sal u asseblief op die kaart, BEWYSSTUK 1, aantoon waar u huis geleë is? -- Ek wys so, edele.

Die aand van 17 Junie 1992 was u in Boipatong gewees, is dit korrek? -- Ja.

Sal u asseblief vir die hof vertel wat die aand gebeur het, mnr Nyokong? -- Ek was alreeds in die bed gewees, ek hoor hoe vensters gebreek het daar buite. Hierdie persone wat vensters gebreek het kom tot daar by my perseel van my ouerhuis. Ek staan op, gaan staan so teen die muur.

Voordat u voortgaan, weet u hoe laat dit was toe u opgestaan het? -- U edele, dit mag gewees het hier na tienuur, "past ten".

Ja? -- Na die breek van die vensters is die deur ook stukkend geslaan. Die mense kom toe in. Ek hardloop toe na die kamer heel agter.

Voordat u voortgaan, toe die deur oopgebreek word en die mense inkom, het u gesien op daardie stadium hoeveel mense die huis binnekom? -- U edele, twee het ingekom, verbygestap. Ek het toe agter hulle aangegaan. Ek gaan skuil weg in die kamer heel agter. Die mense het my agtervolg. My pa was in daardie kamer.

Wat is u vader se naam? -- O, hy is David.

Is sy van ook Nyokong? -- Ook Nyokong. Die mense het toe geld by my pa opgeëis. Hy sê vir hulle hy het nie geld nie. Daarna het hulle hierdie muurhorlosie afgehaal, klere, kombers, TV is geneem. Wel, die klere wat geneem is uit die kamer, in daardie klere was 'n sekere bedrag geld.

Weet u hoeveel geld was in die klere gewees? -- Ja, R350,00.

Was/...

Was daar enigiets anders uit die huis geneem behalwe die goedere wat u reeds genoem het? -- Nee.

Die persone wat die huis ingekom het, in watter taal het hulle met u vader gepraat? -- Zoeloe.

Is enigeen van die persone gewapen gewees? -- Ja.

Waarmee? Watse wapens het u gesien? -- Hierdie lang tuisgemaakte messe.

Enige ander wapens gesien behalwe die messe? -- Nee.

Wat was die kleredrag van hierdie persone wat daar in die huis was? -- Ek het nie gelet na kleredrag nie, maar hulle het bandjies, wit bandjies vasgemaak gehad aan hulle hoofde.

Goed, wat gebeur toe nadat die goedere geneem is uit die huis uit? -- Wel na hierdie mense weg is, gaan ons uit. Ons staan nog daar buite saam met die mense van die omtrek daarso, veral die bure, hier sien ons daar kom nog 'n groep mense aan. Terwyl hulle so nader getrek het, het hulle skote afgevuur. Ons hardloop toe terug in die huis in. Na hulle verby is gaan ons agter hulle aan, maar op 'n goeie afstand.

Hierdie tweede groep mense waarvan u nou getuig, uit rigting uit het hulle aangekom? Het hulle met ander woorde uit die rigting van Slovopark gekom of het hulle beweeg na die rigting van Slovopark? -- Uit rigting Slovopark.

Goed, wat gebeur toe? U het toe die groep agtervolg? -- U edele, daar waar, ek meen by die kruising, by die hoek sien ons daar lê 'n klomp goed daarso, dit was klerasie. Onder hierdie klere was daar van ons klere.

Goed, voordat u voortgaan, mnr Nyokong, hoeveel van u en - hoeveel ander persone het hierdie groep agtervolg? -- Ons was ongeveer vier gewees.

Kan u vir die hof 'n afstand gee watter afstand u hierdie

groep/...

groep gevolg het, met ander woorde hoe ver was u en die ander persone van hierdie groep wat u gevolg het? -- U edele, ek wys 'n afstand van so ver soos van hier af tot by die deur.

HOF: So 15 treë, 20 treë?

MNR VAN DER MERWE: Soos u behaag. -- U edele, maar ons het nie in die straat geloop nie, ons het so deur persele beweeg.

Kan u vir die hof sê hoe groot was hierdie groep wat u agtervolg, wat u gevolg het? -- 20 na 25.

Behalwe die skote wat u gehoor het toe hierdie tweede groep nou aankom wat u later gevolg het, het u enige wapens gesien wat die persone in hierdie groep gehad het? -- Nee, ek kon nie wapens sien nie.

Kon u sien wat die kleredrag van die persone in hierdie groep was? -- Klere soos jasse.

U het gesê u het klerasie gesien lê op die hoek van die strate. Watter hoek van watter strate het u hierdie klerasie gesien lê? -- Bafokeng en Thembu.

Sal u net daar op die kaart wys waar die hoek is waar u die klere gevind het? Met u verlof. -- Ek wys so, edele.

Dankie, u kan maar teruggaan.

HOF: Wat sê hy, Bafokeng en wat, Thembu?

MNR VAN DER MERWE: En Thembu, edele, dit is die straat heel aan die buitekant.

HOF: Ja.

MNR VAN DER MERWE: Goed, wat het u alles gesien lê daar op die hoek toe u nou daar kom? Wat was daar alles gewees? -- Baie klere en komberse.

Wat van u eiendom het u daar gevind onder hierdie goedere wat daar gelê het? -- U edele, wel, ek het nog goed daar gesien die volgende dag. Ek het toe ons eie TV ook daar gekry.

Die/...

Die klere en die komberse wat u die aand daar op die hoek gevind het, was dit u eiendom wat uit u huis verwyder is vroeër die aand? -- Ja. Dit was net komberse wat ek daar gekry het.

Waar, mnr Nyokong, het u die televisiestel die volgende dag gevind?

TOLK: Waar?

MNR VAN DER MERWE: Waar het u die televisiestel gekry die volgende dag? -- Net verby daardie waar die straat nou doodloop, 'n entjie in die veld in.

Is dit met ander woorde dan net 'n entjie verder van die plek waar u die vorige aand die komberse gekry het? -- Ja.

Het u enigiets anders van u eiendom, u goedere teruggekry behalwe die komberse en die televisiestel? -- Nee, dit is net die komberse en die TV.

Mnr Nyokong, hierdie groep wat u nou gevolg het, hoe ver was die groep in u sig, met ander woorde hoe ver kon u sien tot hulle uit u sig uitbeweeg het? -- U edele, soos ek geskat het, soos van hier af na die deur ongeveer.

Dankie, edele, ek het nie verdere vrae nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR BOTHA: Mnr Nyokong, hierdie mense wat u agtervolg het, het u hulle agtervolg met die doel om vas te stel wie hulle is en waarnatoe hulle gaan? -- Ons wou sien waarnatoe gaan hulle.

Waarnatoe het hulle gegaan? -- Wel hulle het rigting Kwa-Madala Hostel in beweeg.

Het u dit gesien? -- U edele, ek het gesien hulle beweeg in daardie rigting.

Het u hulle gevolg tot daar by Thembustraat? -- Ja.

So u het toe nou 'n sig oor die stuk kaal veld wat tussen Thembustraat en die teerpad daar, Frikkie Meyer Boulevard is?

Ek/...

-- Ek het geloop tot daar by Thembustraat.

Nou daar vanaf Thembustraat kan jy oor die veld sien tot by Frikkie Meyerstraat? -- Ja.

Die 20 na 25 mense wat u gesien het en gevolg het, het hulle oor die veld gestap? Het u hulle gesien stap oor die veld? -- Ja.

Terwyl hulle oor die veld stap na die rigting van Kwa-Madala Hostel het u enigiets anders daar gesien soos byvoorbeeld polisievoertuie of iets van die aard? -- Nee.

Hoe lank het u nou vertoef daar met Thembustraat toe u nou sien die mense stap nou in die rigting van KwaMadala Hostel? -- So tien minute.

Was daar verskeie van die inwoners van Boipatong wat daar in Thembustraat bymekaar gekom het? -- Wel daar was mense wat daar gestaan het.

Dit is nou mense wat ook soos u wou kyk wat gaan aan, waar kom die mense, die aanvallers vandaan? -- Ja.

Het u daar op die veld terwyl u daar was geen polisievoertuie opgemerk nie? -- Nee.

Of weermagvoertuie? -- Nee, ek het nie voertuie gesien nie.

Dit moes 'n redelike entjie gewees het wat u die mense agtervolg het vanaf u huis tot hulle daar by Thembustraat aangekom het, nie waar nie? -- Ek sal vra u herhaal die vraag.

Wel, kom ek stel dit vir u so, dat dit moes 'n redelike groot afstand gewees het toe u hulle gevolg het vanaf u huis totdat hulle Boipatong verlaat het, die groepie van 20 tot 25 mense? -- Ja.

Ek neem aan u het hulle die heeltyd in u sig gehou? -- Nee, ek het vir hulle nie gesien nie, want ek volg so op 'n

afstand/...

afstand.

Maar hoe weet u nou u behou dieselfde afstand van die groep? -- U edele, maar ek sê mos, ek was agter hulle gewees 'n afstand van ongeveer van hier af tot daar by die deur.

Dit is reg, en u volg hulle? -- Ja.

Om hulle te kan volg moet u hulle kan sien? -- Ja.

Wat het hulle gemaak van u huis af, wat het hulle gedoen totdat hulle Boipatong verlaat het? -- Hulle het so geloop en vensters breek.

Nou u het getuig dat u wakker geword het die aand van die 17de want u hoor vensters breek? -- Ja.

U het gesê dit was na tien gewees? -- Ja.

Hoe het u geweet dat dit na tien was? -- Dit is pas na ek na die storie gekyk het.

Het die storie tienuur opgehou? -- Ja, hy hou op tienuur.

Hoe lank daarna hoor u toe die breek van die venster? -- Wel dit was nie lank dat ek in die bed was nie.

Kan u 'n skatting gee? Was dit tien minute, 'n halfuur? -- 15 Na 20 minute.

As ek u getuienis verstaan het daar twee mense in die huis ingekom en verby u gestap? -- Ja.

Was daar elektrisiteit in die huis? -- Ja. U edele, maar al die ligte was af gewees, behalwe die ligte van die kamer waarin ek gehardloop het en ook waar my vader was.

Wat ek nie verstaan nie is hulle stap verby u en u gaan agter hulle aan in die rigting van die kamer waar u vader weg-kruip? -- Ja.

Nou is daar seker 'n bietjie van die lig van die kamer wat op hulle val? -- Nee, die lig het nie op hulle geval nie.

Was u binne-in die kamer toe die mense by u vader geld eis/...

eis? -- Ja.

Dit is nou die kamer waar die lig aan is? -- Ja.

So nou kry u kans om die mense duidelik te sien? -- Nee, ek het mos gaan wegkruip teen daardie tyd.

Waar kruip u nou weg? -- So langs die bed.

Waar is u vader? -- Hy het daar in die deur gestaan.

Wat is sy naam? -- David.

U vader is nie beseer nie, is hy? -- Nee.

Het u gesien toe hierdie mense die muurhorlosie afhaal? -- Nee, ek is nog in my skuilplek, ek het dit nie gesien nie.

Hoeveel mense was nou daar in die huis gewees, behalwe nou u familie? Ek praat nou van aanvallers of inbrekers. -- U edele, ek neem aan hulle was baie. Ek lei so af want ek het baie stemme daar gehoor.

Nou hierdie goedere wat hulle geneem het, het hulle dit nou in verskillende kamers in die huis gekry? -- Ja.

Hoe lank was hierdie mense omtrent in die huis gewees? -- Hulle het nie lank geneem nie.

Kan u 'n skatting maak, 'n halfuur, tien minute, 15 minute? -- Nee, hulle het so 20 minute lank geneem.

Die TV wat hulle gevat het, was dit 'n groot TV? -- Ja, dit is 'n groot een.

Dit is 'n TV wat baie moeilik gedra word deur een persoon, twee persone moet hom dra? -- Ja.

Toe u nou die mense agtervolg het, het u gesien dat die TV gedra word, of kon u nie so duidelik opmerk nie? -- U edele, ek het die tweede groep gevolg, nie die eerste nie.

Jammer, my fout. -- En die tweede groep het nie die huis binnegekom nie, dit is die eerste groep.

Nee, ek vra verskoning, dit is my fout, mnr Nyokong. Na

hierdie/...

hierdie mense nou weg is toe gaan julle nou uit na buite toe en julle staan nou daar buite rond, is dit reg, dit is nou na die inbrekers nou weg is? -- Ja.

Ek neem aan julle het nou eers seker gemaak dat dit stil is en veilig is voor julle uitgegaan het? -- Ja.

Julle het sekerlik nou nie onmiddellik uitgegaan na die aanval nie, dit moes 'n rukkie gevat het, 'n paar minute miskien? -- U edele wel, dit is nie lank daarna nie want ons het vir hierdie mense hoor sê "nou moet ons gaan".

Nou hoe lank het julle daar buite die huis rond gestaan toe julle die tweede groep mense sien? -- Sê maar so 20 minute.

Die skote wat die mense afgevuur het, watse tipe geweervuur was dit, was dit outomatiese geweervuur? -- Outomaties.

Het hulle aanhoudend gevuur soos wat hulle geloop het? -- Hulle het geskiet.

Het hulle ook vensters gebreek? -- Ja.

Hierdie goedere wat daar by die kruising gelê het, dit is nou die kruising van die straat waarin u woon, Bafokengstraat en Thembustraat, was dit 'n groot hoop goedere gewees wat lyk asof dit met 'n doel bymekaar geplaas is? -- Hulle het daar gestrooi gelê oor die grond.

Nou om die mense te agtervolg vanaf u huis tot by Thembustraat, hoe lank het dit u geneem min of meer? -- Sê maar hier by 30 minute, want hierdie mense het nie reguit geloop nie, hulle is by persele in om vensters daar stukkend te slaan.

Kan u sê hoe hierdie mense wat so geskiet het, hoe hulle geklee was? -- Hulle het jasse gedra.

Was dit lang jasse? -- Ja.

Het hulle almal dieselfde jasse aangehad? -- Nie almal nie.

Het/...

Het die oorgrote meerderheid van hulle dieselfde jasse aangehad? -- Ja.

Hierdie jasse, u het seker nou al gesien wanneer die weermag en die polisie jasse dra, was dit soortgelyke jasse wat hierdie mense gedra het? -- U edele, kyk, ek kon nie sien nie hoe hulle gelyk het nie want ek volg op 'n afstand, en nog 'n ding dit is in die aand.

Nou daar was bewerings gewees dat die inwoners van Boipatong daar in die omgewing van Thembustraat by die kaal veld byeengekom het na die voorval en dat daar dreigemente was dat hulle die hostel wil aanval. Weet u iets daarvan? -- Ek weet nie daarvan nie.

Gedurende daardie tydperk wat die voorval plaasgevind het verstaan ek was daar ook 'n wagdiens wat geopereer het in daardie omgewing, die sogenaamde "comrades" of "self-defence units"? -- Ja.

Het u ook wagdienste verrig? -- Ja.

Het u ook op die aand van 17 Junie wagdienste verrig? -- Ja, ons het besluit ons gaan wagdienste doen, maar polisie gooi ons uitmekaar uit.

Hoekom het julle besluit julle gaan wagdienste doen? -- Ons was bang vir aanvalle want ook in die verlede destyds was daar aanvalle.

So het julle daardie aand van 17 Junie spesifiek 'n aanval verwag? -- U edele, ons het nie geweet nie, maar ons het deurgaans wagdienste gedoen.

Wanneer julle wagdienste doen, bewapen julle julself, nie waar nie? -- Ja.

Nou hoe het dit nou gebeur dat die polisie julle verjaag het op 17 Junie om wagdiens te doen? -- Hulle het die eerste

keer/...

keer na ons gekom, gesê ons moet uitmekaar gaan, wat wel gedoen is, maar ons kom weer bymekaar by die hoek van Umzimvubu. Daar het die polisie weer eens op ons afgekom en toe skiet hulle hierdie traangas na ons.

Toe julle weer in Umzimvubu bymekaarkom, was dit daar naby aan Umzimvubu- en Thembustraat waar die groep bymekaar gekom het? -- Nee.

Waar dan? -- U edele, ons het die eerste keer bymekaar gekom by die hoek van Bafokeng en ons kry toe woord ons moet uitmekaar gaan, wat wel gedoen is, dan kom ons weer bymekaar daar by hoek van Umzimvubu.

En watter straat? -- En Lekoa.

Nou hoe groot is hierdie groepe wat bymekaar kom? -- Ons was so agt gewees.

Hier was iemand wat vroeër getuig het dat daar op die aand van die 17de 'n groep van 500 bymekaar gekom het. -- Watter groep is dit?

'n Groep van die buurtwag of die "comrades" of die sogenaamde "self-defence units", en hy het getuig hierdie groep is toe opgedeel in kleiner groepies om by straathoeke wag te hou. -- U edele, wagdienste was verrig gewees deur hierdie jong mannetjies in die woonbuurt, al die jong mannetjies.

Is hulle almal wat wagdienste verrig het op die aand van 17 Junie deur die polisie uitmekaar uit gejaag? -- Ja.

Hoe laat op die 17de of wanneer op die 17de het dit nou plaasgevind? -- Wat het nou plaasgevind?

Dat die polisie die "comrades" of die "self-defence units" of die buurtwag uitmekaar uit gejaag het of verdryf het. -- So agtuur.

Was dit nou die eerste keer, agtuur, wat u groepie

uitmekaar/...

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.